PAARLEES

‘n Hulpprogram aan ouers deur dr. Petrus Herbert

Inhoudsopgawe

1. Kort kerngedagtes oor “Paired Reading”
2. Aan die ouer
3. Aan die leerder
4. Voorbeeld: kontrak
5. Voorbeeld: Brief van opvoeder aan leerder
6. Moontlike riglyne (addisioneel)

`

Kort kerngedagtes oor "Paired Reading"

- "Paired Reading" is 'n HARDOPLEES oefening.
- Die klem val op SAAMLEES.
- Net vir ongeveer ± 5 – 15 minutes (10 min. is geskik).
- "Paired reading" moet op 'n SPESIFIEKE PLEK plaasvind.
- "Paired reading" moet op 'n SPESIFIEKE TYD plaasvind.
- Ouer en kind moet NABY MEKAAR sit sodat albei die boek kan sien.
- Daar moet GEEN steurnisse wees nie.



Kort kerngedagtes oor “Paired Reading”

- Die kind/leerder kies SELF ‘n boek volgens sy belangstelling
- Beide die ouer en die kind moet ONTSPANNE wees.
- Ouer se nabyheid en stem ONDERSTEUN die kind/leerder
- Die TEMPO van lees moet KONSTANT bly.
- MOENIE STOP by moeilike woorde nie.
- “Paired reading” situasie moet so AANGENAAM as moontlik gemaak word.
- Die PERIODE van implimentering van ‘n “paired reading” program is ONBEPERK
- Die hou van DAAGLIKSE REKORD is baie belangrik.

Aan u as Ouer

- Vind ‘n gemaklike stil plek.
- Gee al u aandag aan u kind.
- Laat u kind toe om self ‘n boek te kies.
- Staan ongeveer ± 5 – 15 minute (10 minute) af vir “paired reading”
- Wees self baie positief en entoesiasties.
- U stem dien as ondersteuning en moet konstante tempo handhaaf.
- Moenie stop by moeilike woorde nie.

KONTRAK

Ek en Mamma het besluit om elke dag / elke weeksdag

…… vir …….. minute sáám hardop te lees.

Die plek wat ons gekies het, is ……..

Ek mag elke keer self ‘n boek uitsoek.

Dis baie belangrik dat ek moet onthou om elke dag op die kalender af te merk.

O ja, ek moet my juffrou laat weet hoe dit gaan.

Geteken: ……. Mamma

…… Ek

……. / ……. / 20 ….. Datum

Aan die leerder

- Kies jou eie boek.
- Jy en mamma moet ‘n tyd vind wat vir julle albei gerieflik is.
- Jy en mamma moet ‘n plek vind wat vir julle albei gemaklik is.
- Onthou, hierdie leestydjies is spesiaal vir jou en mamma.
- Wys vir mamma dat jy dit geniet en waardeer.

Boodskap van die opvoeder

Liewe……..

Juffrou is so trots op jou dat jy en mamma besluit het om saam te lees. Jy sal nog ontdek hoe lekker dit is.

Onthou om julle kontrak te voltooi, te onderteken en natuurlik na te kom.

Juffrou sal baie bly wees as jy kan skakel om te sê hoe dit met die lees gaan. Ek gee julle genoeg tyd om eers aan die gang te kom en sal graag van julle wil hoor op……. om ……..

Vriendelike groete

Juffrou

Onderstaande prosedure kan gevolg word in die geval van ‘n beginnerlesertjie of ‘n BAIE swak leser. Onthou, die mate van GENOT wat u kind gaan beleef, sal afhang van u as ouer se positiewe houding en entoesiasme.

STADIUM 1 – Volg hierdie stappe vir twee weke

1. Lees hardop vir u kind.
2. U kind VOLG in die boek. Hy hou saam met u die plekwyser vas.
3. Bespreek die prente en die verhaal.
4. Probeer voorspellings waag of afleidings maak.
5. Konsentreer op sekere aspekte van lees, soos ritme, uitdrukking, vloeiendheid en leestekens.

STADIUM 2 – Volg hierdie stappe vir vier weke

1. Lees hardop vir u kind.
2. U kind skuif plekwyser soos hy volg.
3. U kind begin SAAM FLUISTER. Hy lees soveel woorde as wat hy herken.
4. Akkuraatheid is nie so belangrik nie. Dis belangriker dat hy die woorde probeer RAAI.
5. Konsentreer op dieselfde aspekte van lees.
6. Vra vrae en lei u kind om afleidings te maak en voorspellings te waag.

STADIUM 3 – Volg hierdie stappe vir vier weke

1. Begin altyd met ongeveer 3 minute van elk van STADIUM 1 en STADIUM 2.
2. Nou neem u kind oor en hy lees.
3. U help waar nodig.
4. As u kind te moeg raak, kan u ‘n sin of twee lees sodat hy kan rus.
5. Indien dit in hierdie stadium lyk of u kind liewer nog hardop saam met u wil lees, doen dit gerus.
6. Bespreek en voorspel gebeure.

LET WEL: Die aangeduide tydsduur by elke stadium is slegs ‘n riglyn. Indien u vind dat dit nodig is om dit aan te pas, kan u dit oordeelkundig doen. Laat weet asseblief die opvoeder/klasonderwyseres.

LEES IS DIE SLEUTEL TOT SUKSES